

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 26 Jul 2017
Page: 10

AVE: 24688.87
Circulation: 45000
Part: 1 of 1



# Tuks oorgehaal vir stryd teen TUT

**Wilhelm de Swardt**



**Lawrence Ntswane, Tuks se sokkerkaptein, sê sy span is gereed vir die kragmeting teen die Tshwane-Universiteit vir Tegnologie (TUT) gedurende die Varsity-toernooi môreaand.** Foto: ZANDER ERASMUS

Die Universiteit van Pretoria (Tuks) se sokkerspan kry môreaand kans om "wraak" te neem wanneer hy die Tshwane-Universiteit vir Tegnologie (TUT) in die Varsity-toernooi pak.

Die twee spanne was drie weke gelede slaags in die eindstryd van die Suid-Afrikaanse Universiteitetoernooi. Nadat die amptelike speeltyd verby was, was die telling 0 elk. Die wedstryd is toe met "strafskoppe" beslis. TUT het met 5-4 gewen.

Dit kan aanvaar word dat albei spanne se spelers glo daar is onafgehandelde sake wanneer hulle môre opdraf. Om met strafskoppe te wen of te verloor laat maar altyd 'n wrang smaak.

Lawrence Ntswane, Tuks se kaptein, maak dit duidelik dat die speelveld heeltemal gelyk is en dat niks wat in die vorige wedstryd gebeur het, saak maak nie. Vir hom is die verlede die verlede. Die hede is ál wat saak maak.

"Ons het geen illusies nie. Die wedstryd teen TUT gaan kliphard wees. Wat belangrik gaan wees, is dat ons nie toelaat dat ons emosies die oorhand kry nie en net fokus op dít wat ons kan beheer," sê hy.

"Ek hou nie daarvan om voorspellings te doen nie, maar ek kan wel belowe dié keer gaan die wedstryd nie op 'n doellose gelykop uitslag afstuur nie. Daar gaan baie doele aangeteken word."

As daar een ding is wat die Tuks-spelers bemeester het, is dit om doele te skiet. Op die nasionale universiteitetoernooi het Tuks 15 doele in sewe wedstryde aangeteken.

Dié Tuks-span word as een van die bestes tot dusver beskou. Ntswane skryf dit toe aan die feit dat hulle al lank as span saam speel en elke speler presies weet wat van hom verwag word.

"Maar ek dink wat ons regtig van ander spanne onderskei, is die soort sokker wat ons speel. Ons afrigters bly dit beklemtoon dat ons daartoe in staat moet wees om ons spelpatroon te kan aanpas. Dit beteken ons kan die manier waarop ons speel van wedstryd na wedstryd verander. Sodoende hou ons ons teenstanders die hele tyd aan die raai."

Ntswane sal dit nooit self sê nie, maar hy is een van Tuks se uitblinkers. Dit is egter nie net omdat hy 'n goeie sokkerspeler is nie; hy skryf sy sukses toe aan 'n belangrike lewensles wat hy van sy ma geleer het. "Ek was nog klein toe sy vir my sê dat ek die meeste van elke geleentheid moet maak, want daar is geen waarborg dat ek 'n tweede kans gaan kry nie. So elke keer wanneer ek opdraf om sokker te speel, is die uitdaging om 100% te gee.

"Nie dat dit vir my moeilik is nie. Ek is mal oor sokker. Dit is nie net 'n sport nie, dit is 'n manier waarop ek myself ten volle kan uitleef."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.